# GAP Nuus – Junie 2024

GAP MINISTRIES

Vriende,

Ons groet julle in die wonderlike naam van Jesus Christus, ons vriend en verlosser.

**Persoonlike Nuus**

Ons laaste nuusbrief het ons geskryf voor ons vetrek na Namibië en het ons nog nie behoorlik grondgevat nie, of die kwartaal het met ‘n spoed weggetrek. Namibië was weereens ‘n belewenis. Die keer was dit nie werk nie. Ons het die voorreg gehad om as ‘n selgroep saam te kuier op die berugte Hentiesbaai, vis te vang, kos te maak en vir so lank as moontlik niks te doen wat enige inspanning geverg het nie. Behalwe die visvang. Die ervare vissermanne in die groep het darem gesorg dat ons ‘n paar aande kon vis eet. Die onervare vissermanne se reputasie het ongelukkig nie veel verander nie. Ek is een van hulle. Weereens dankie aan ons selgroep, dit was ‘n besonderse tyd saam met julle en saam met Wilhelm wat al die pad van die Kaap af gekom het om ons drywer en toergids te wees.

Ons was skaars ‘n dag terug of Sugnét se ma is in Greenacres Hospitaal opgeneem. Dit was die begin van ‘n baie lang trek. Ons het opgehou tel hoeveel keer ons die roete moes doen hospitaal toe. Sy is na amper twee maande ontslaan om net enkele dae later weer opgeneem te word. Tydens haar opname het sy so verswak en was daar menige dae dat ons die ergste gevrees het. Haar gesondheid het egter stelselmatig verbeter en is sy twee weke terug na Aurora oorgeplaas vir ‘n tydperk van rehabilitasie. Hopelik sal sy binnekort kan terugkeer Aandmymering toe. Tussendeur was die kinders hier vir kort besoeke en ook oumie Maxi daar van George af. Ook sy het ‘n week in Cuyler Hospitaal deurgebring en het sy ons die skrik op die lyf gejaag. Op negentigjarige ouderdom was dit haar eerste besoek aan ‘n hospitaal nadat sy ons as kinders in die lewe gebring het! Sy is terug op George en weer haar ou self maar ons gerustheid oor haar sal ook nooit weer dieselfde wees nie. Baie dankie aan Adri wat vir baie van die besoektye vir Sugnét Baai toe gery het en ook ons ander vriende wat vervoer beskikbaar gestel het.

Dit was lekker om weer die kinders te sien al was beide van hulle se besoeke baie kort, en dankie ook aan hulle wat die moeite gedoen het om vir ouma Suzie te besoek. Johan is tans saam met “Tell The Nations” op ‘n uitreik in die suid-ooste van Zambië naby ‘n dorpie met die naam Sioma,

plek van die watervalle in Lozi, die plaaslike taal. Dit is geleë op walle van die bolope van die Zambezie rivier. Die area wat hulle besoek is baie afgeleë en kry ons nie veel nuus nie. Ons sal in die volgende nuusbrief meer nuus kan deel. Intussen, bid saam met ons vir hulle vir 'n geseënde uitreik en 'n voorspoedig reis terug.

**Bedienings Nuus**

Ons normale program en prioriteite was die kwartaal heeltemal op sy kop gekeer. Ons moes aanpas by die daaglikse besoeke Baai toe en moes ons baie aktiwiteite herbeplan om te sorg dat ons nie heeltemal die ritme van die bediening verloor nie, maar ons moes noodgedwonge van die aksies eers op die ys plaas, en van die byeenkomste en vergaderings moes ons noodgedwonge mis. Die storm wat die dorp getref het, het dinge nie makliker gemaak nie. Dit was baie skielik en baie ongewoon en die invloed daarvan vernietigend vir baie mense. Wat dit anders gemaak het is die hoeveelheid reën wat in 'n baie kort tydjie geval het. In die ou taal, 9 duim in minder as 24 uur. Daar was geen opbou of waarskuwing soos die geval met ander vloede in die verlede was nie. Die twee kanale wat deur die dorp loop kon doodeenvoudig nie die volumes water hanteer nie en die meeste skade en lewensverlies was dan ook al langs die kanale af.

Die hulpverleningspoging deur al die betrokke instansies was by beste van tye chaoties, maar dit is te verstane omdat niemand dit sien kom het nie. De Mist- en VGK Gemeente in Rosedale is ingerig as noodsentrums omdat hulle die kerke was, wat die naaste geleë was aan die geaffekteerde areas. Die gemeentes, en almal wat gehelp het, het hulle ten spyte van die chaos, uitstekend van hulle taak gekwyt. Ons kon help met van die skakelwerk en het hand bygesit waar nodig. 'n Week later het die son weer geskyn. Die opruimings werk sal nog lank duur. Vir baie mense sal dinge nooit weer dieselfde wees nie, maar daar was ook baie mense vir wie dit 'n keerpunt in hulle lewe was. Ek glo ook so vir die twee gemeentes en die ander kerke wat gehelp het.

Die fokus die afgelope kwartaal was die verkiesing, en die aanloop tot die verkiesing en is die Kerk oor die lengte en breedte van die land gemobiliseer om die Here se aangesig te soek, en vir Hom te vra om ons genadig te wees. Ons naweek van die gebed in die kerksaal is goed bygewoon. Dankie aan almal wat kom bid het en tyd by die verskillende stasies "spandeer" het. Die intensiteit waarmee mense gebid het was bemoedigend. Die positiewe gees waarin die verkiesing afgehandel is was verblydend asook die onderhandelinge wat nog plaasvind 'n antwoord op gebed. Die tekens is daar dat die land by 'n keerpunt, of "tipping point" gekom het. Ons almal besef agter dat dit van hieraf opdraende gaan wees om die nuwe regering te laat werk tot voordeel van die land. So, van ons kant af wil ons julle ook almal aanmoedig om te volhard om vir die land te

bid. Veral die Metro het ‘n wonderwerk nodig wat mense sal laat saamwerk! Oudergewoonte sal ons almal op hoogte hou soos gebedsriglyne beskikbaar word. Maar vir nou sit almal eers en wag om te sien hoe gaan die pad vorentoe lyk. Ons hoop is in die Here, en daarom is ons optimisties!

**Gebedsversoeke**

Waarvoor kan julle saambid?

- Vir beterskap vir ouma Suzie sodat sy kan terugkeer Aandmymering toe.
- Vir die onderhandelinge met rolspelers oor die moontlikheid om Gumdale beskikbaar te stel vir die ontwikkeling van ‘n jeugkampterrein. Dat die Here sal bevestig wat Sy plan is.
- Vir Johan hulle se uitreik saam met “Tell the Nations”. Dat baie mense se lewens verander sal word.
- Dat ons as die liggaam van Christus op aarde nie sal moedeloos word nie, maar sal volhard om die Here se aangesig te soek, en dat baie mense se lewens geraak sal word deur ons, en deur elkeen van julle.

**Waar kan jy help?**

Ons is deurgaans op soek na gebruikte Bybels en geestelike boeke vir die boektafel. Ons sal dit kom optel maak nie saak waar nie. Ons sal ook graag weer die eerste uitgawe van die “Bible School on Wheels” wil aankoop. Die stel wat ons het is nog CD’s wat ‘n beslommernis is omdat die nuwe generasie skootrekenaars nie CD spelers het nie. BSOW#1 is nou op ‘n geheuestokkie beskikbaar. So as iemand dit wil borg kontak ons gerus. Dit sal baie mense se lewens verander.

**Ten Slotte**

Baie dankie vir julle almal se gebed en ondersteuning. Julle maak ‘n verskil in ons lewens sodat ons dit in ander se lewens kan maak.

“Be blessed!”

Pierre en Sugnét